:: INLIGTING VIR
Voornemende studente
Huidige studente
Internasionale studente
Alumni
Personeel
Ouers
Donateurs
:: INLIGTING OOR
Die Universiteit
Voorgraadse programme
Nagraadse programme
Kunskalender
Sport
Biblioteek
Nuus
Tuisblad

Algemeen • Hooftrekke • Kuns & Kultuur • Sport • Kampusnuus • Personeel • Mediaverklarings • Konferensies, Seminare, ens... • Beskikbare Poste

» Back / Terug

» Read this article in English

Diskoers oor ongelykhede moet by tersiêre instellings plaasvind, sê Machel (20-3-2008)

“Nêrens is dit meer toepaslik vir hierdie diskoers as om in ons tersiêre instellings plaas te vind nie. Hier verleen ’n opvoeding stukrag daaraan om in jong mense die basis te lê vir rasionele denke, en die vaardighede oor te dra vir analise, besluitneming en die keuse uit te oefen vir watter tipe samelewing hul wil vorm, wil deel wees van, en watter rol hul daarin wil speel.”

Dit was die woorde van me Graça Machel, ontvanger van ’n eregraad van die Universiteit Stellenbosch (US). Sy het graduandi in die Fakulteite AgriWetenskappe en Ekonomies en Bestuurswetenskappe by die US se derde plegtigheid op Woensdagaand toegespreek.

Me Machel, kampvegter vir die regte van kinders en vroue en eggenote van oud-president Nelson Mandela, is met die graad Doktor in die Wysbegeerte (D Phil), *honoris causa*, vereer.

By die geleentheid is eregrade ook toegeken aan prof Vic Goedseels, Dekaan van die Fakulteit Landboukundige en Toegepaste Biologiese Wetenskappe aan die Katolieke Universiteit Leuven (KUL) wat die graad Doktor in die Natuurwetenskappe in Landbou (DSc Agric) *honoris causa* ontvang het terwyl regter Arthur Chaskalson, wêreldbekende regskenner, die eerste President van die Konstitusionele Hof en later ook Hoofregter van Suid-Afrika, die graad Doktor in die Regsgeleerdheid (LLD), *honoris causa* ontvang het.

Me Machel het gesê dat Suid-Afrika buitengewone vooruitgang in ’n baie kort periode gemaak het. Die samelewing, gemeenskappe en families is onherkenbaar getransformeer, mense lewe in ’n vrye en demokratiese samelewing en diverse groepe het byeengekom om openbare ruimtes te betree.

Maar, het me Machel gesê, “het ons nog afstootlike vlakke van geweld teen vroue en kinders, die gaping tussen ryk en arm word groter, en ten spyte van ekonomiese groei en meer swart mense wat ryk word, is rassespanning steeds deel van ons daaglikse lewens.”

Die rede hiervoor, het sy gesê, is dat transformasie nie die diepliggende wanpersepsies, geskep deur vrees en die verwerping van verskille, bevraagteken het nie. In die tweede dekade van ons demokrasie, moet transformasie dieper gaan.

Universiteitstudente, sal volgens haar, binnekort die nuwe middelklas van ons samelewing wees en sal hulle die besluitnemingsbevoegdheid het om die hele land te beïnvloed.

In terme van die diskoers wat by universiteite moet gebeur, het sy bygevoeg dat dit krities is wanneer debat plaasvind, “daar nie net ’n fokus op ras is nie, maar terselfdertyd die bevraagtekening van ongelykhede wat betref geslag en rykdom. "Daar is geen ander manier om Suid-Afrika waarlik te transformeer nie as ons nie ook ongelykhede in geslag en armoede uitdaag nie.”

“Ons kampusse is mikrokosmosse van ons samelewing, en dit is jammer dat by instellings van hoër onderwys regoor die land, vlakke van geslagsgebaseerde geweld buitensporig hoog is en die vlakke van MIV/Vigs oordrag hoog is. Wanneer ons dus praat oor hoe om transformasie uit te daag, ons ook die manier hoe jongmense hul seksualiteit konseptualiseer en laat manifesteer, moet konfronteer. Die tyd

vir debat is ryp en die uitkomste sal vir ons 'n aanmoediging wees om diversiteit aan te gryp in plaas daarvan dat ons dit vrees," het sy gesê.

"Vir julle wat vandag gradueer, ons kyk na julle met hoop. Hoop dat julle die leiers sal wees wat ons sal help om ons verlede te verstaan, sin te maak van ons hede, en die katalisators te wees om 'n wonderlike toekoms teweeg te bring. Soos wat julle hierdie nuwe avontuur in jul lewens tegemoet gaan, onthou dat die verantwoordelikheid om Suid-Afrika te transformeer in 'n billike, regverdige, en gelyke samelewing, berus by julle. Julle moet dit nie sien as 'n las wat julle moet verdra nie, maar as iets wat met trots gedra kan word – dit dien as 'n bewys van die geloof wat ons in jul vermoë het om Suid-Afrika, die streek en ons kontinent 'n wonderlike plek te maak."

Sowat 1800 studente het die afgelope week hul grade van die Universiteit tydens drie Maart-plegtighede ontvang.

• Die Universiteit het 'n eregraad in 1996 aan mnr Mandela toegeken.

Foto1:
Me Graça Machel, kampvegter vir die regte van vroue en kinders, is Woensdagaand tydens die gradeplegtigheid van die Universiteit Stellenbosch met 'n eredoktorsgraad, die Doktor in die Wysbegeerte (D Phil), honoris causa, vereer. Haar eggenoot, oud-president Nelson Mandela, is luidkeels deur die studente en gaste verwelkom toe hy hom by die akademiese prosessie op die verhoog aangesluit het. Hier saam met die Mandela-egpaar is van links, prof Russel Botman, US Rektor, regter Arthur Chaskalson, wat die graad Doktor in die Regsgeleerdheid (LLD), honoris causa, ontvang het; en prof Vic Goedseels, Dekaan van die Fakulteit Landboukundige en Toegepaste Biologiese Wetenskappe aan die Katolieke Universiteit Leuven (KUL), wat met die graad Doktor in die Natuurwetenskappe in Landbou (DSc Agric), honoris causa, vereer is.

Foto2: Welgedaan vroulief! Oud-president Nelson Mandela wens sy vrou, Graça Machel, geluk met die toekenning van haar eredoktorsgraad. (Foto's: Anton Jordaan, SSFD)

Alle regte voorbehou © 2007 Universiteit Stellenbosch
Privaat Sak X1, Matieland, 7602, Suid -Afrika
Tel.: +27 21 808 9111

Terme van gebruik | Terugvoer